# DIE VERPLIGTE AANMELDING VAN MISDRYWE TEEN KINDERS



Saamgestel deur NG Welsyn Noordwes en Gauteng

NG WELSYN
NG WELFARE

## WETLIKE VERPLIGTING RONDOM DIE BEKENDMAKING VAN VERWAARLOSING, MISHANDELING OF DIE MISBRUIK VAN KINDERS

Suid-Afrikaanse wetgewing ten opsigte van kinders is sterk gefokus op die beginsel dat "*die beste belang van die kind*" in alle opsigte deurslaggewend sal wees. Dit geld vir enige handelinge ten bate, ter wille of ter beskerming van alle kinders. Die nuwe Kinderwet wat op 1 April 2010 in werking getree het, vorm saam met ander wetgewing, die spilpunt van hierdie beskermingsmaatreëls wat daarop gemik is om misdrywe teenoor kinders hok te slaan.

Volgens die Kinderwet **(38/2005** soos gewysig**),** die Wet op Seksuele Oortredings (**Wet 32/2007),** sowel as die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld ( **Wet 133/1993**) is 'n persoon **VERPLIG** om enige vorm van oortreding van die genoemde wette aan te meld. Sien spesifieke woordomskrywings elders in die brosjure.

**Let wel:**

- Dit is ingevolge die verskillende wette 'n *misdryf* om nie mishandeling aan te meld nie.
- Die ondersoek sal gedoen word deur *professionele persone*.
- Die betrokke kind is ook geregtig op regsverteenwoordiging

In die gemelde wetgewing word duidelik gespesifiseer dat die volgende wanpraktyke teen kinders aangemeld **moet** word:

- Indien die *suspisie of bewyse bestaan* dat mishandeling van 'n kind (of verstandelik gestremde persoon) wel voorkom of voorgekom het.
- Waar 'n kind òf verstandelik gestremde persoon mishandeling *aan iemand bekend gemaak het*, moet die aangeleentheid aangemeld word.
- Die persoon wat die mishandeling *in goeder trou aanmeld* en 'n ondersoek versoek, kan nie strafregtelik vervolg word nie. Slegs die hof kan 'n persoon aan mishandeling skuldig bevind.
- Dit moet beklemtoon word dat die persoon wat die saak aanmeld, nie die *klaer* is nie, maar slegs *'n ondersoek aanvra*. Hierdie ondersoek kan die mishandeling *bevestig of uitsluit*. Die besluit op vervolging/al dan nie sal deur die staatsaanklaer gemaak word.



## WAAR MOET ENIGE VAN BOGENOEMDE MISDRYWE AANGEMELD WORD?

- Die SAPD by die naaste polisiekantoor of by 10111. Vra spesifiek of daar 'n beampte van die Kinderbeskermingseenheid beskikbaar is.
- Enige NG Welsyn-kantoor, as geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie, se maatskaplike werkers is wetlik aangewese (gemagtig) om deur middel van die Kinderhof die nodige stappe te kan neem om kinders te beskerm.
  - Let daarop dat nie noodwendig alle welsynsorganisasies nie, en ook geen maatskaplike werker in privaatpraktyk, sodanige magtiging het nie.
  - Alle maatskaplike werkers is egter ook wetlik verplig om misdrywe by die polisie aan te meld.
- NG Welsyn Hoofkantoor in Potchefstroom by 018 297 3928 of besoek die webblad by www.ngwelsyn.co.za om die nommers te bekom.
- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling by 011-950-7700 (Wes-Rand), 016-930-2000 (Vaalstreek), 018-462-5111 (Klerksdorp), of 018-297-4872 (Potchefstroom).

## ETIESE ASPEKTE EN DIE BEKENDMAKING VAN INLIGTING IN DIE HOF

Die openbaarmaking, al dan nie, van hoogs vertroulike inligting wat moontlik as getuienis aan die hof beskikbaar gestel moet word, moet duidelik met die kind se regsverteenwoordiger uitgeklaar word.

## PERSONE WAT MET KINDERS WERK



Die Wet op Seksuele Oortredings (spesifiek vanaf Artikel 40) raak alle persone wat met kinders werk en byvoorbeeld kinders op kampe of ander uitstappies neem. Besture en leierskap moet seker maak dat projekleiers, of in die geval van kerke - gemeentelede, jeugwerkers, jeugleiers en werknemers wat binne gemeenteverband met kinders werk - nog nooit skuldig was aan 'n oortreding van betrokke wette, gemik op die beskerming van kinders, nie.

In hierdie verband is dit tans ook verpligtend dat alle personeel van NG Welsyn, alle vrywilligers, pleegouers, asook naweek- en vakansie-ouers van kinders uit Kinder- en Jeugsorgsentrums (Kinderhuise, Veiligheidsplekke) beëdigde verklarings moet onderteken dat hulle nog nooit skuldig was aan 'n oortreding in terme van die betrokke wet nie.

## *WOORDOMSKRYWINGS IN DIE KINDERWET

**Kind**
Persoon onder die ouderdom van 18 jaar.

**Mishandeling**
Mishandeling van kinders sluit volgens Artikel 1 van die Kinderwet (No 38 van 2005) die volgende in:

(a) aanranding van 'n kind, of enige ander vorm van die besering van 'n kind veroorsaak of beplan;
(b) seksuele molestering van 'n kind, of toelaat dat dit gebeur-
(c) wanneer 'n kind deur 'n ander kind geboelie word-
(d) 'n arbeidspraktyk wat 'n kind uitbuit- of
(e) 'n kind blootstel of onderwerp aan enige gedrag wat die kind psigologies, of emosioneel kan benadeel.

**Seksuele molestering**
Seksuele molestering is volgens Artikel 1 van die Kinderwet (No 38 van 2005) die volgende:
(a) seksuele molestering of aanranding van 'n kind, of toelaat dat 'n kind seksueel gemolesteer of aangerand word.
(b) die aanmoediging, blootstelling of dwing van 'n kind om gebruik te word ter wille van die seksuele bevrediging van 'n ander persoon-
(c) die gebruik van 'n kind, of die beplanning om 'n kind bloot te stel aan seksuele aktiwiteite of pornografie; of
(d) om 'n kind aan te skaf of toe te laat dat hy aangeskaf word vir kommersiële seksuele uitbuiting, of op enige wyse deelneem of bystand verleen aan die seksuele uitbuiting van 'n kind.



*Nie-amptelike vertaling

**Verwaarlosing**
Verwaarlosing, wat betref ‘n kind, is die versuim om.

- Ouerlike verantwoordelikhede na te kom; en
- In die basiese fisiese, intellektuele, emosionele en maatskaplike behoeftes van ‘n kind te voorsien.

**Handel**
Handel, met spesifieke verwysing na ‘n kind, sluit volgens Artikel 1 van die Kinderwet (No 38 van 2005) die volgende aktiwiteite in:
Die werwing, verkoop, voorsiening, vervoer, verskuiwing, huisvesting of ontvangs van kinders, binne Suid-Afrika of oor landsgrense -
(i) om op *enige wyse*, insluitende die gebruik van dreigemente, dwang, ontvoering, bedrog, misleiding, misbruik van mag, of die gee of ontvangs van betalings of voordele, *toestemming te kry van ‘n persoon wat beheer oor ‘n kind het*; of
(ii) as gevolg van ‘n *weerlose posisie vir die doel van uitbuiting*; en
insluitend die fasilitering of waarborg van ‘n aanneming op onwettige wyse.

## WETOMSKRYWINGS

**Kinderwet (Wet 38/2005) en die Wysigingswet (Wet 41/2007)**

Art 110 (1)en (2). ‘n Aantal professies word hier genoem (waaronder predikante) wat, indien hulle op redelike grond vermoed dat ‘n kind verwaarloos of mishandel word, dit op ‘n Vorm 22 moet aanmeld by ‘n geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie, die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling of ‘n polisiebeampte.



**Wet op seksuele oortredings (Wet 32/2007)**

Art 54 (1)(a). ‘n Persoon wat kennis het van ‘n seksuele oortreding teen ‘n kind moet dit onmiddellik *by die polisie* aanmeld.

Art 54 (2)(a). ‘n Persoon wat kennis dra van, of rede het om te glo, of die suspisie het dat ‘n seksuele oortreding teenoor ‘n persoon wat verstandelik gestrem is plaasvind, moet dit *by die polisie* aanmeld.

Art 54 (2)(b). Om dit nie aan te meld is ‘n oortreding en is strafbaar met ‘n boete, gevangenisstraf (tot ‘n maksimum van 5 jaar) of gevangenisstraf en ‘n boete.

**Wet op voorkoming van gesinsgeweld (Wet 133/1993)**

Art 4. Verpligting om geweld teen ‘n kind aan te meld.

## AANVULLENDE INLIGTING

Die volledige protokol vir die bestuur van kinderverwaarlosing en kindermishandeling kan afgelaai word by www.kmdr2010.wordpress.com.

Die belangrikste beginsels t.o.v. die beskerming van die kinders van Suid Afrika teen verwaarlosing en mishandeling, is saamgevat in die volgende dokumentasie soos onderskryf deur die regering van Suid Afrika:

**The United Nation’s Convention of the Rights of the Child (1989):**
Die dokument is bekragtig deur die eenheidsregering van Suid Afrika op 16 Junie 1995. Dit bevat verskeie artikels wat kindermishandeling aanspreek.

**The African Charter on the Rights and Welfare of the Child (1990):**

Artikel 16 (volg op artikel 19 van *UN Convention*) stel dat kinders beskerm moet word teen mishandeling en marteling.

**Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika (108/1996)**:

28. (1) Elke kind het die reg –

(a) op ’n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;

(b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;

(c) op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;

(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

(e) om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;

(f) om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat-



(i) onvanpas is vir ’n persoon van daardie kind se ouderdom- of

(ii) ’n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;

(g) om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in welke geval, benewens die regte wat ’n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om –

(i) afsonderlik van aangehoudenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en

(ii) op ’n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;

(h) om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van ’n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en

(i) om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.

(2) ’n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

(3) In hierdie artikel beteken “kind” iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

## BRONNELYS

Constitution of the Republic of South Africa, 1996

Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act, 2007, of Act 32 of 2007



The Children’s Act, Act 38 of 2005. Government Gazette. (No. 28944)

The Children’s Amendment Act 41 of 2007 and Regulations. Government Gazette. (No. 30884)

MYBURGH, N. 2010. Protokol vir die bestuur van kinderverwaarlosing en kindermishandeling. NG Kerk Sinode Hoëveld: SKDB Suid-Transvaal

Inligtingstuk opgestel deur:
NG Welsyn Noordwes & Gauteng
Hoofkantoor: Potchefstroom
Tel: 018 297 3928

April 2011